“**Hoof: STAS**” die Hoof van die STAS soos beoog in Kolom 2 van Deel A van Bylae 3 by die SDW;

“**Kabinet**” die Kabinet beoog in artikel 91 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

“**KVS-departemente**” **Kern van Staatsdepartemente** wat, vir die doel van hierdie Kennisgewing, die Departement vir Prestasiemonitering en Evaluering, die Departement van die Staatsdiens en Administrasie, die Departement van Samewerkende Regering en die Nasionale Tesourie insluit;

“**Minister**” die Minister van Finansies;

“**Nasionale Tesourie**” die Nasionale Tesourie ingestel by artikel 5 van die WOFB;

“**regeringskomponent**” ’n regeringskomponent soos omskryf in artikel 1 van die SDW;

“**Republiek**” die Republiek van Suid-Afrika;

“**SDW**” die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994);

“**staatsorgane**” die entiteite beoog in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

“**STAS**” die Staats- Tegnieuse Adviesentrum ingestel as ’n regeringskomponent by Proklamasie uitgevaardig deur die President van die Republiek van Suid-Afrika;

“**TAK**” die Tegnieuse Advieskomitee van die STAS soos beoog in artikel 7A(4)(e) van die SDW, wat ingestel en deur die Minister aangestel kan word ooreenkomstig paragraaf 13;

“werksdag” enige dag behalwe 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag bepaal ingevolge die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994 (Wet No. 36 van 1994); en

“WOFB” die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

Deel 2**Oogmerke, funksionering en bevoegdhede van STAS****Oogmerke, werksaamhede en bevoegdhede van STAS**

2. (1) Die oogmerk van die STAS is om staatsorgane by te staan in die uitbouing van hul kapasiteit met die oog op doeltreffende, effektiewe en deursigtige finansiële bestuur.

(2) Behoudens paragraaf 3 is die werksaamhede van die STAS –

- (a) om tegniese konsuleringsdienste aan KVS-departemente en staatsorgane te lewer;
- (b) om gespesialiseerde verkrygingsondersteuning vir regeringsinisiatiewe met 'n hoë impak te verskaf;
- (c) om advies oor die uitvoerbaarheid van infrastruktuurprojekte te verskaf;
- (d) om kennisbestuur te voorsien vir projekte wat onderneem word; en
- (e) enigiets bykomstig tot die werksaamhede wat in hierdie subparagraaf gelys word.

(3) Wanneer dienste aan die STAS se kliënte gelewer word, moet die volgende protokolle nagekom word:

- (a) Die STAS mag slegs doen wat hy by wet gemagtig word om te doen, met inbegrip van ooreenkomste wat hy aangaan met die Nasionale Tesourie, KVS-departemente en staatsorgane.
- (b) Die STAS is onderworpe aan al die toepaslike wets- en ander regsvereistes, asook die bepalinge van die ooreenkomste wat hy met die Nasionale Tesourie, KVS-departemente en staatsorgane aangaan.
- (c) Indien die STAS 'n versoek van enige staatsorgaan ontvang vir dienste wat verband hou met die kernmandaat van 'n KVS-departement, moet die STAS die versoek skriftelik verwys na die tersaaklike KVS-departement voordat sodanige werk onderneem word.
- (d) Indien die tersaaklike KVS-departement graag wil reageer op die wenslikheid van sodanige dienste, of spesifieke reëlings daarvoor wil tref,

moet hy binne een kalendermaand ná die datum van die verwysingsbrief reageer.

- (e) Indien STAS nie skriftelike voorskrifte ontvang binne een kalendermaand ná die datum van die verwysingsbrief aan die KVS-departement nie, dan kan STAS op diskresionêre wyse voortgaan soos dit gepas geag word.

(4) Die STAS verrig sy werksaamhede behoudens algemene leiding deur die Minister verskaf.

(5) Op voorwaarde dat dit ingevolge toepaslike wetgewing geoorloof is, kan die Minister te eniger tyd die Hoof: STAS, ná oorleg met die DG, skriftelik in kennis stel dat die STAS opdrag gegee word –

- (a) om dienste te verskaf ten opsigte van finansiële beplanning vir, en die berekening van die koste van, beleidsrigtings wat ontwikkel word;
- (b) om ekonomiese analise en aktuariële advies oor programme en projekte te gee;
- (c) om ander werksaamhede te verrig wat bykomstig of aanvullend is tot die werksaamhede wat in subparagraaf (2) of items (a) of (b) gelys word,

maar die STAS mag nie begin om enige werksaamheid te verrig wat voorheen deur die Nasionale Tesourie verrig is nie totdat die DG en die Hoof: STAS 'n ooreenkoms gesluit het met die oog op die ordelike en doeltreffende oordrag van daardie werksaamheid aan die STAS, en die ooreenkoms beoog in paragraaf 9 hersien en toepaslik gewysig het.

(6) Die Hoof: STAS is, vanaf die oordragdatum wat vermeld word in die ooreenkoms in subparagraaf (5) beoog, verantwoordelik en verantwoordbaar vir enige werksaamheid ingevolge subparagraaf (5) aan die STAS oorgedra.

(7) Enige opdrag wat ingevolge subparagraaf (5) deur die Minister uitgereik word, moet in die STAS se jaarverslag vermeld word.

(8) Die STAS kan sy werksaamhede buite die Republiek verrig, op voorwaarde dat –

- (a) die Nasionale Tesourie skriftelik daartoe ingestem het en vir hierdie doel 'n skriftelike ooreenkoms met die STAS aangegaan het vóórdat enige werksaamhede buite die Republiek verrig word;
- (b) sodanige ooreenkoms en die werksaamhede wat buite die Republiek deur die STAS verrig moet word en aktiwiteite wat buite die Republiek deur die

STAS onderneem moet word, gemagtig word kragtens Suid-Afrikaanse reg en internasionale reg wat bindend is op Suid-Afrika; en

- (c) die werksaamhede wat buite die Republiek deur die STAS verrig moet word en aktiwiteite wat buite die Republiek deur die STAS onderneem moet word, gemagtig word ingevolge die reg van die land waarin die STAS werksaam sal wees.

Nakoming, samewerking, etiek en handelsmededinging

3. (1) Die STAS moet al die toepaslike wette nakom, en indien daar 'n botsing is tussen enige wet en die bepalings van hierdie Bylae, geld sodanige wet.

(2) Die STAS moet sy bevoegdhede uitoefen en sy dienste lewer in 'n gees van samewerking met die staatsorgane aan wie die STAS dienste lewer, en moet effektiewe, deursigtige, verantwoordbare en samehangende regering vir die Republiek in die geheel bevorder en ondersteun.

(3) Die STAS moet sy bevoegdhede uitoefen en sy dienste lewer ooreenkomstig gepaste etiese standaarde en die beginsels van goeie regering en bestuur.

(4) Geen senior werknemer van die STAS mag, binne twee jaar ná hy of sy die STAS verlaat het, die STAS regstreeks of onregstreeks van enige goedere voorsien of enige dienste aan die STAS lewer nie, tensy die Minister dit skriftelik goedkeur voordat sodanige goedere voorsien of dienste gelewer word.

(5) Subparagraaf (4) is met die nodige veranderinge van toepassing op enige maatskappy of ander entiteit wat voornemens is om goedere te verkoop of dienste te lewer aan die STAS of wat wel sodanige goedere verkoop of dienste lewer aan die STAS en –

- (a) waarin die voormalige werknemer van die STAS 'n amp beklee, hetsy teen vergoeding al dan nie;
- (b) aan wie die voormalige werknemer van die STAS dienste lewer, hetsy teen vergoeding al dan nie;
- (c) in wie se diens die voormalige werknemer van die STAS is, hetsy teen vergoeding al dan nie; of
- (d) waarin die voormalige werknemer van die STAS enige regstreekse of onregstreekse wesenlike belang van welke aard ook al het.

(6) Enige goedkeuring gegee deur die Minister kragtens subparagraaf (4) moet in die STAS se jaarverslag vermeld word.

(7) Die STAS is verantwoordelik, verantwoordbaar en aanspreeklik ten opsigte van die tegniese en raadgewingsondersteuningsdienste wat die STAS aan sy kliënte voorsien, op voorwaarde dat die STAS se kliënte breedweg die verantwoordelikheid, verantwoordbaarheid en aanspreeklikheid behou vir die verrigting van hul werksaamhede waarop die tegniese en raadgewingsondersteuningsdienste deur die STAS gelewer moontlik betrekking kan hê.

(8) Die STAS mag nie dienste lewer wat met die private sektor meeding nie en mag nie deelneem aan tender- of voorsieningskettingwerksaamhede wat oop is vir diensverskaffers in die privaatsektor of sekere kategorieë daarvan nie.

Deel 3**Aanstelling en verantwoordelikhede van die Hoof: STAS en aanstelling van personeel van STAS****Aanstelling van Hoof: STAS en personeel van STAS**

4. (1) Die Hoof: STAS word ingevolge artikel 12 van die SDW in diens geneem.
- (2) Die werknemers van die STAS word aangestel ingevolge die SDW en ooreenkomstig die toepaslike regulasies, riglyne en omsendbriewe wat ingevolge die SDW uitgereik word.

Bevoegdhede en pligte van Hoof: STAS

5. (1) Die Hoof: STAS is verantwoordbaar vir die finansiële en bedryfsprestasie van die STAS, ooreenkomstig die voorskrifte van die SDW, die WOFB, en alle ander toepaslike wetgewing.
- (2) Die Hoof: STAS het die bevoegdhede en gesag gelykstaande aan dié van 'n hoof van 'n departement, soos beskryf in artikel 7(3)(a), (b), en (c) van die SDW, om die STAS te bestuur, met verantwoordbaarheid teenoor die Minister van Finansies.
- (3) Ingevolge artikel 7(3)(b) van die SDW, is die Hoof: STAS verantwoordelik vir die doeltreffende bestuur en administrasie van die STAS, met inbegrip van die effektiewe aanwending en opleiding van personeel, die handhawing van dissipline, die bevordering van gesonde arbeidsverhoudinge en die behoorlike gebruik van en omsien na Staatseiendom.
- (4) Die Hoof: STAS moet voldoen aan die vereistes van die WOFB van toepassing op 'n rekenpligtige beampte van 'n organisasiekomponent soos beoog in die WOFB.
- (5) Die Hoof: STAS, as die hoof van die STAS, is verantwoordelik daarvoor om toe te sien dat die Hoof: STAS en STAS voldoen aan al die toepaslike wets- en ander regsvereistes.

Verslagdoeningsvereistes van Hoof: STAS en verantwoordelikhede van DG

6. (1) Die bepalings van hierdie paragraaf onthef nie die Hoof: STAS op enige wyse van die nakoming van enige tersaaklike bepalings van die WOFB of enige ander wet ten opsigte van verslagdoeningsvereistes nie.
- (2) Die Hoof: STAS moet –

- (a) onmiddellik ná ontvangs van 'n skriftelike versoek van die Minister vir inligting deur die STAS gehou, alle inligting wat versoek word asook ander inligting wat moontlik tersaaklik kan wees vir die Minister, aan die Minister voorlê;
 - (b) op 'n kwartaallikse grondslag 'n verslag aan die Minister voorlê wat die besonderhede uiteensit van al die gevalle waar die Hoof: STAS 'n plig uitgevoer het of 'n bevoegdheid uitgeoefen het ingevolge 'n delegasie van die Minister, asook al die gevalle waar iemand aan wie die Hoof: STAS só 'n bevoegdheid of plig verder gedelegeer het, 'n plig of bevoegdheid aldus verrig of uitgeoefen het; en
 - (c) die STAS se strategiese plan en begroting, jaarverslag en finansiële jaarstate op 'n jaarlikse grondslag aan die Minister voorlê.
- (3) Die DG hou toesig oor die werksaamhede van STAS met die oog –
- (a) op die ondersteuning, bevordering en implementering van toepaslike beleidsaspekte van die Regering, asook die Minister se strategiese visie ten opsigte van die Minister se portefeulje; en
 - (b) daarop om die Minister te adviseer oor beleidsimplementering, prestasie, geïntegreerde beplanning, begroting en dienslewering, en die doeltreffende, ekonomiese en effektiewe gebruik van hulpbronne deur of ten opsigte van die STAS,

maar die DG het geen verdere werksaamhede, pligte, bevoegdhede, verantwoordelikhede of aanspreeklikheid ten opsigte van die STAS nie, behalwe soos in hierdie Kennisgewing bepaal of soos by wet voorgeskryf.

- (4) Die Hoof: STAS moet –
- (a) op 'n kwartaallikse grondslag alle tersaaklike verslae en prestasie-inligting van die STAS aan die DG voorlê wat die DG in staat sal stel om die Minister te adviseer soos beoog in item (b) van subparagraaf (3);
 - (b) op 'n kwartaallikse grondslag 'n afskrif van die dokument beoog in item (b) van subparagraaf (2) aan die DG voorlê;
 - (c) jaarliks 'n afskrif van die STAS se strategiese plan, jaarverslag en finansiële jaarstate aan die DG voorlê; en

- (d) enige inligting wat redelikerwys skriftelik deur die DG versoek word en wat met die DG se werksaamhede ten opsigte van die STAS verband hou, aan die DG voorlê.

(5) Verder moet die Hoof: STAS, benewens wat in subparagrafe (2) en (4) bepaal word, op 'n maandelikse grondslag, binne tien werksdae ná die einde van 'n kalendermaand, 'n bedryfs- en prestasieverlag ten opsigte van daardie maand aan die Minister voorlê, en 'n afskrif van die verslag aan die DG en die Voorsitter van die TAK voorsien, indien 'n TAK ooreenkomstig paragraaf 13 aangestel is.

(6) Die verslag bedoel in subparagraaf (5) moet –

- (a) besonderhede bevat van al die werk wat gedurende daardie maand deur die STAS onderneem is asook enige ander tersaaklike inligting wat die Minister kan vereis of wat die DG of die Voorsitter van die TAK redelikerwys kan versoek; en
- (b) voorberei en opgestel word in die formaat wat deur die Minister vereis word, wat moontlik inligting kan insluit wat ingedeel kan word in individuele projekte, wat 'n aanduiding gee –
- (i) van die aard van die werk;
 - (ii) van die naam van die kliënt;
 - (iii) van die monetêre waarde van die werk;
 - (iv) of die werk afgehandel is al dan nie;
 - (v) of die betrokke dienste aan die kliënt gelewer is al dan nie; en
 - (vi) of daar, na die mening van die Hoof: STAS, aan diensvlak-ooreenkomste of -standaarde voldoen is.

Deel 4**Reëlings ten opsigte van finansiering en finansiële verslagdoening****Finansiering**

7. (1) Die STAS word gefinansier uit –

- (a) geld bewillig deur 'n Wet van die Parlement;
- (b) geld verhaal van staatsorgane aan wie of ten opsigte van wie STAS dienste gelewer het;
- (c) skenkerfinansiering; en
- (d) rente.

(2) Die STAS kan regstreekse finansiering ontvang van buite die Republiek ten opsigte van die verrigting van sy werksaamhede, op voorwaarde dat die Minister die ooreenkoms goedgekeur het wat vir sodanige finansiering voorsiening maak.

Reëlings ten opsigte van finansiële verslagdoening

8. Behoudens paragraaf 9(e) moet alle finansiële, beleids- en prosedurereëlings vir die STAS waarvoor ingevolge die WOFB of enige ander toepaslike wet voorsiening gemaak word, op die datum van die STAS se instelling as 'n regeringskomponent deur die President van die Republiek, voldoen aan die vereistes van toepassing op 'n organisasiekomponent soos beoog in die WOFB.

Deel 5***Reëlings tussen Nasionale Tesourie en STAS*****Reëlings tussen Nasionale Tesourie en STAS**

9. (1) Die Nasionale Tesourie en die STAS moet spoedig na die instelling van die STAS 'n ooreenkoms sluit wat voorsiening maak vir –

- (a) die bedeling ten opsigte van gedeelde dienste waarop ooreengekom is wat tussen die Nasionale Tesourie en die STAS aangegaan moet word, soos beskryf in paragraaf 12;
- (b) diensvlakke;
- (c) die oordrag van bates van die Nasionale Tesourie aan die STAS by die instelling van die STAS;
- (d) die oordrag van werknemers van die Nasionale Tesourie aan die STAS by die instelling van die STAS;
- (e) finansiële reëlings; en
- (f) enige ander aangeleentheid wat nodig is vir die effektiewe en doeltreffende funksionering van die STAS.

(2) Die Nasionale Tesourie en die STAS moet jaarliks die ooreenkoms bedoel in subparagraaf (1) hersien, met die oog daarop om die ooreenkoms aan te pas ten einde die optimale funksionering van die STAS te verseker.

Deel 6**Korporatiewe en verwante dienste****Gedeelde dienste**

10. (1) Die bestuur van korporatiewe en verwante dienste van STAS geskied op 'n grondslag van gedeelde dienste en word gereël deur hierdie Kennisgewing by wyse van die ooreenkoms bedoel in paragraaf 9, wat jaarliks hersien en gewysig moet word, soos beoog in daardie paragraaf.

(2) Die reëlings uit hoofde van hierdie Deel moet die doeltreffende en effektiewe werking van die STAS verseker, en moet 'ekonomie van skaal'-voordele en innoverende dienslewering tot gevolg hê.

(3) Die STAS kan te eniger tyd, indien hulpbronne dit toelaat, voldoende interne kapasiteit uitbou om enige van die dienste te lewer wat hieronder vermeld word.

Bevoegde owerhede

11. Die bevoegde owerhede verantwoordelik vir die implementering van hierdie Kennisgewing is—

- (a) vir die STAS, die Hoof: STAS; en
- (b) vir die Nasionale Tesourie, die DG.

Gebiede van samewerking

12. Die Partye moet, behoudens toepaslike wetgewing, met inbegrip van die SDW en sy Regulasies en die WOFB en sy Regulasies, en ooreenkomstig die bepalings van die ooreenkoms bedoel in paragraaf 9, 'n bedeling van gedeelde dienste in stand hou wat die volgende insluit:

- (a) Korporatiewe Dienste, met inbegrip van –
 - (i) Inligtings- en Kommunikasietegnologiesedienste (IKT-dienste);
 - (ii) Finansiële Bestuur;
 - (iii) Mensehulpbronbestuur;
 - (iv) Voorsieningskettingbestuur;
 - (v) Akkommodasie, Bestuur van Fasiliteite en Skoonmaakdienste;
 - (vi) Sekuriteit; en
 - (vii) Opleiding in Rekordbestuur, Korrespondensie en Bodedienste;
- (b) Oudit en Risikobestuur;
- (c) Regsdienste; en
- (d) Skenkerkoördinerings.

Deel 7***Aanstelling en werksaamhede van die Tegniese Advieskomitee*****Tegniese Advieskomitee (TAK)**

13. (1) Die Minister kan, ingevolge artikel 7A(4)(e) van die SDW, te eniger tyd 'n Tegniese Advieskomitee (TAK) vir die STAS aanstel, behoudens en ooreenkomstig die bepalings van hierdie Deel, maar daar is niks in hierdie Bylae wat die Minister verplig om 'n TAK aan te stel nie.

(2) Die funksie van die TAK is om die Minister en die Hoof: STAS te adviseer oor die bestuur en die werkverrigting van die STAS, en oor enige ander aangeleentheid wat die Minister van tyd tot tyd skriftelik bepaal, maar die TAK het nie enige uitvoerende werksaamhede, pligte of bevoegdhede nie.

(3) Die TAK mag nie meer as agt lede hê nie, uitgesonderd die Hoof: STAS, wat 'n *ex officio*-lid van die TAK is, en moet die volgende drie verteenwoordigers van die Nasionale Tesourie insluit wat as *ex officio*-lede in die TAK dien:

- (a) Adjunk-direkteur-generaal: Openbare Finansies;
- (b) Adjunk-direkteur-generaal: Begrotingskantoor; en
- (c) Adjunk-direkteur-generaal: Interregeringsbetrekkinge.

(4) Die Minister vir Prestasiemonitering en -evaluering in die Presidensie moet een lid van die TAK aanstel om die Departement van Prestasiemonitering en -evaluering te verteenwoordig.

(5) Die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake moet een lid van die TAK aanstel om die Departement van Samewerkende Regering te verteenwoordig.

(6) Die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie moet een lid van die TAK aanstel om die Departement van Staatsdiens en Administrasie te verteenwoordig.

(7) Die Minister kan die oorblywende twee TAK-lede vanuit die openbare sektor aanstel, gebaseer op die volgende beginsels:

- (a) Aanstellings moet gereël word deur die oorheersende beginsel van keuse gegrond op meriete, bepaal deur 'n beoordeling van –

- (i) die oogmerk, funksies en werksaamhede van die STAS;
 - (ii) die bevoegdhede wat kollektief deur 'n TAK verlang word, met inbegrip van die tersaaklike vaardighede, kundigheid en ondervinding wat met die bestuur en omvorming van 'n staatsorgaan verband hou;
 - (iii) die kwalifikasies, vaardighede, kundigheid en ondervinding van elke individuele aspirantkandidaat;
- (b) ná die aanstelling van die individuele lede moet die TAK die demografie van die Republiek breedweg weerspieël.
- (8) Die Minister moet 'n TAK-lid as Voorsitter van die TAK aanstel, maar dit mag nie die Hoof: STAS wees nie.
- (9) Die Minister mag niemand in die TAK aanstel nie, en niemand mag voortgaan om 'n Lid van die TAK te wees nie –
- (a) wat 'n lid van die Parlement, 'n lid van 'n provinsiale wetgewer, 'n Kabinetslid of 'n Adjunkminister, 'n lid van 'n huis of raad van tradisionele leiers, of 'n lid van 'n munisipale raad is;
 - (b) wat nie –
 - (i) óf 'n Suid-Afrikaanse burger óf 'n permanente inwoner is nie; en
 - (ii) in die Republiek woonagtig is nie;
 - (c) wat 'n amp beklee in, of wat in diens is by of wat hoegenaamd enige ander belang het in enige maatskappy of ander entiteit wat goedere verkoop of dienste lewer aan die STAS, of wie se gade, lewensmaat, sakevennoot of besigheidsassosiaat sodanige amp beklee, aldus in diens is of sodanige belang het;
 - (d) wat onbevoeg is om op te tree as 'n direkteur van 'n maatskappy ingelyf ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008); of
 - (e) wat, hetsy in die Republiek of elders, skuldig bevind is aan 'n misdryf waarby oneerlikheid betrokke is of enige ander misdryf waarvoor sodanige persoon gevonnissen is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.
- (10) 'n TAK-lid wat ooreenkomstig subparagraaf (7) aangestel is –
- (a) dien as 'n TAK-lid op die bepalings en voorwaardes deur die Minister bepaal ná oorleg met die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie; en
 - (b) kan bedank deur een maand se skriftelike kennis aan die Minister te gee.

(11) Die TAK dien na die Minister se goeddunke, en die Minister kan 30 dae kennis gee om –

- (a) die TAK te ontbind en 'n nuwe TAK aan te stel; of
- (b) die TAK-lidmaatskap van 'n individuele TAK-lid te beëindig,

maar die Minister moet, wanneer die TAK aldus ontbind word of die lidmaatskap van 'n individuele TAK-lid aldus beëindig word, enige TAK-lid wat geraak word onmiddellik van skriftelike redes voorsien vir die ontbinding of die beëindiging, na gelang van die geval.

(12) Die Minister moet, wanneer die TAK aangestel word, die name van die TAK-lede, tesame met enige tersaaklike inligting oor die agtergrond van die TAK-lede, op enige gepaste wyse vir kennisname deur die publiek publiseer.

Werkzaamhede en bevoegdhede van TAK

14. (1) Die werkzaamhede van die TAK behels om –

- (a) advies aan die Minister en breë leiding aan die STAS te gee aangaande die lewering van tegniese bystand;
- (b) advies aan die STAS te gee oor die geïntegreerde en gekoördineerde lewering van tegniese bystand in ooreenstemming gebring met kern van regeringsprioriteite;
- (c) advies aan die STAS te gee oor kern van regeringsmandate, -beleidsrigtings en -prosesse, wat die fondament uitmaak van die lewering van tegniese bystand;
- (d) aanbevelings te doen aan die STAS om struikelblokke ten opsigte van projekte uit die weg te ruim;
- (e) die Minister en die Hoof: STAS te adviseer oor die bestuur en prestasie van die STAS en enige ander aangeleentheid wat die Minister van tyd tot tyd na die TAK verwys; en
- (f) aanbevelings te doen aan die Minister oor fokusgebiede vir transversale tegniese bystand ten opsigte van KVS-departemente.

(2) Die TAK het al die bevoegdhede wat nodig is vir sy funksionering as 'n adviesliggaam sonder uitvoerende werkzaamhede, pligte of bevoegdhede, en hy het in die besonder die reg –

- (a) om, behoudens subparagraaf (5), sy eie subkomitees in te stel;

- (b) van onmiddellike toegang tot enige inligting deur die STAS gehou, behalwe inligting wat die Minister van tyd tot tyd skriftelik aandui nie deel uitmaak van hierdie kategorie nie;
 - (c) van onmiddellike toegang tot enige inligting deur die Nasionale Tesourie gehou met betrekking tot die STAS, behalwe inligting wat die Minister van tyd tot tyd skriftelik aandui nie deel uitmaak van hierdie kategorie nie; en
 - (d) om afskrifte te ontvang van enige dokument wat deur die Hoof: STAS aan die Minister voorgelê word ingevolge of kragtens hierdie Kennisgewing, na gelang van die geval, behalwe dokumente wat die Minister van tyd tot tyd skriftelik aandui nie deel uitmaak van hierdie kategorie nie.
- (3) Die TAK kan te eniger tyd, met of sonder die instemming of ondersteuning van die Hoof: STAS, die Minister regstreeks nader, en enige tersaaklike verslag voorlê oor 'n aangeleentheid wat met die TAK se werksaamhede verband hou.
- (4) Die Minister kan die TAK te eniger tyd skriftelik gelas om 'n bepaalde subkomitee in te stel, maar dit weerhou nie 'n TAK daarvan om sy eie subkomitees in te stel soos in subparagraaf (2)(a) bepaal nie.
- (5) Enige komitee of ander liggaam, by 'n Wet van die Parlement of ingevolge of kragtens ondergeskikte wetgewing ingestel of voorgeskryf ten opsigte van 'n regeringskomponent, moet ingestel en bestuur word soos voorgeskryf, maar –
- (a) so 'n komitee of liggaam maak nie 'n subkomitee van die TAK uit nie; en
 - (b) die TAK het toegang tot enige dokument voortgebring deur of namens so 'n komitee of liggaam, tensy die Minister skriftelik anders gelas.
- (6) Behoudens subparagrafe (8) tot (10) en die bepalings van enige toepaslike wet bepaal die TAK ten opsigte van vergaderings sy eie reëls, verrigtinge en prosedures.
- (7) Sonder om enigsins afbreuk te doen aan die bepalings van enige toepaslike wet, moet die TAK, sover doenlik, voldoen aan enige beleid, kode, protokol, riglyn of soortgelyke dokument oor regering en bestuur of oor etiek in die openbare sektor wat deur die Kabinet goedgekeur is.
- (8) Die vergaderings, notule en verslae van die TAK of enige van sy subkomitees is vertroulik, tensy –
- (a) die Minister of die Voorsitter van 'n TAK skriftelik anders gelas; of
 - (b) dit onwaarskynlik is dat die publikasie daarvan enige strategiese belange van STAS of die Nasionale Tesourie sal kompromitteer.

(9) Die TAK, uitgesonderd die Hoof: STAS, stem nie oor aangeleenthede wat voor die TAK dien nie, maar moet daarna streef om advies te gee aan die Minister en die Hoof: STAS gebaseer op voldoende konsensus.

(10) Indien 'n individuele TAK-lid, behalwe die Hoof: STAS, sterk verskil met wat lyk asof dit die TAK se konsensus is, kan daardie lid versoek dat die afwykende mening en die redes vir sodanige afwykende mening in die notule van die vergadering van die TAK vermeld word, en sodanige afwykende mening moet ingesluit word in enige verslag oor die tersaaklike aangeleentheid aan die Minister of die Hoof: STAS, na gelang van die geval.

(11) Die STAS moet al die fasiliteite en administratiewe, sekretariële en logistieke ondersteuning wat redelikerwys deur die TAK vereis word, voorsien, en die Hoof: STAS moet, ná oorleg met die Voorsitter van die TAK, 'n werknemer van die STAS as Sekretaris van die TAK aanwys.

(12) Geen vergoeding is betaalbaar aan 'n werknemer van 'n staatsorgaan ten opsigte van sy of haar lidmaatskap van die TAK nie.

(13) Die Hoof: STAS kan om enige rede wat regstreeks verband hou met enige aktiwiteit van die TAK, alle lede van die TAK terugbetaal ten opsigte van enige reis-, parkeer-, akkommodasie-, verblyf- en ander kostes aangegaan wat nodig is vir die verrigting van TAK-werksaamhede.

Verantwoordelikhede van en beperkings op TAK-lede

15. (1) 'n Lid van die TAK, met inbegrip van die Hoof: STAS, wat te eniger tyd gedurende sy of haar ampstermyn op enige van die gronde beoog in paragraaf 13(9) onbevoeg raak om 'n TAK-lid te wees –

- (a) moet die Minister en die Voorsitter van die TAK onmiddellik van daardie onbevoegdheidsgrond in kennis stel, en die Minister moet daardie lid dan onverwyld uit die TAK verwyder; en
- (b) het nie die reg om 'n TAK-vergadering by te woon nie van die tyd af dat hy of sy aldus onbevoeg raak totdat hy of sy deur die Minister verwyder word.

(2) 'n Lid van die TAK wat op enige wyse, regstreeks of onregstreeks, 'n belang verkry of voornemens is om 'n belang te verkry in 'n transaksie of projek van STAS, moet die aard van sy of haar belang of voorneme onmiddellik skriftelik aan die Komitee openbaar maak.

(3) 'n Openbaarmaking aan die TAK beoog in subparagraaf (2) moet vermeld word in die notule van die vergadering waarin die TAK die transaksie of projek oorweeg waarop die openbaarmaking betrekking het.

(4) 'n Lid van die TAK wat 'n belang beoog in subparagraaf (2) verkry het of voornemens is om dit te doen, mag nie deelneem aan enige bespreking of beraadslaging van die TAK met betrekking tot 'n transaksie of projek in subparagraaf (2) bedoel nie.

(5) Vir 'n tydperk van twee jaar nadat 'n lid van die TAK ophou om lid van die TAK te wees, moet enige maatskappy of ander entiteit wat voornemens is om goedere of dienste aan die STAS te lewer, of wat dit lewer –

- (a) waarin die voormalige lid van die TAK 'n amp beklee, hetsy teen vergoeding al dan nie;
- (b) aan wie die voormalige lid van die TAK dienste lewer, hetsy teen vergoeding of sonder vergoeding;
- (c) by wie die voormalige lid van die TAK in diens is, hetsy teen vergoeding al dan nie; of
- (d) in wie die voormalige lid van die TAK enige ander regstreekse of onregstreekse wesentlike belang van watter aard ook al het,

die aard van die voormalige lid se belang skriftelik aan die Minister, asook aan die TAK, openbaar maak.

(6) 'n Openbaarmaking aan die TAK beoog in subparagraaf (2) moet vermeld word in die notule van die vergadering waarin die TAK die transaksie of projek oorweeg waarop die openbaarmaking betrekking het

Verslagdoeningvereistes ten opsigte van TAK

16. (1) Indien die Minister die TAK se advies oor 'n spesifieke aangeleentheid skriftelik versoek het, moet die TAK, so gou doenlik, 'n verslag voorlê met sy advies aan die Minister.

(2) Die TAK moet 'n verslag oor sy advies of aktiwiteite aan die Minister voorlê so dikwels as wat die TAK dit nodig ag, hetsy of die Minister sodanige advies spesifiek aangevra het al dan nie.

(3) Die TAK moet enige mondelinge advies wat aan die Hoof: STAS gelewer word, na gelang van die geval, in die tersaaklike notule van die TAK se vergadering laat opneem.

(4) Die Voorsitter van die TAK moet die notule van elke TAK-vergadering aan die Minister, die Hoof: STAS en die DG aanstuur binne tien werksdae ná daardie notule deur die TAK goedgekeur is.
